BEELD, Leefstyl & Kuns
23 Feb 2015, p.16

# 20 fotoportrette van SA ikone opgeveil

**Rudolf Stehle**



**Dié portret van Hugh Masakela is een van 20 wat op die veiling in Pretoria onder die hamer sal kom.** Foto: ADRIAN STEIRN

Portrette van Suid-Afrikaanse ikone wat deel was van die eerste seisoen van die 21 Icons-projek kom Saterdag in Pretoria onder die hamer op 'n veiling vir liefdadigheid.

Dié projek is die geesteskind van die Australiese natuurlewefotograaf en rolprentmaker Adrian Steirn.

Dit is 'n poging om die verhale te vertel van Suid-Afrikaanse mans en vroue wat Mandela se nalatenskap uitleef en sodoende die wêreld 'n beter plek maak.

Steirn het oor drie jaar die foto's van 21 bekende en minder bekende Suid-Afrikaners geneem.

Hy het foto's geneem van Nelson Mandela, Nadine Gordimer, Hugh Masekela, Desmond Tutu, FW de Klerk, George Bizos, Johnny Clegg, Sophie de Bruyn, Gary Player, Ahmed Kathrada, Yvonne Chaka Chaka, Helen Sebidi, Phillip Tobias, Evelina Tshabalala, John Kani, William Kentridge, Zachie Achmat, Gcina Mhlope, Hugh Masekela, Lillian Cingo, Karel Benadie en Kumi Naidoo.

Benewens die foto's is kort dokumentêre rolprente oor elke ikoon gemaak wat op die 21 Icons-webblad te sien is en in 2013 op SABC3 uitgesaai is.

Dit was Steirn se wens om Mandela te ontmoet en sy foto te neem wat die 21 Icons-projek aan die gang gesit het.

Mandela het in 2011 ingestem dat hy hom afneem.

'n Private kunsversamelaar van New York het in 2013 Steirn se foto *A Reflection of Dignity*, waarop Mandela na sy eie beeld in 'n handspieël kyk, vir meer as R2 miljoen gekoop.

Dié geld is aan die Nelson Mandela-kinderhospitaal en die WWF geskenk.

Die afslaer Stephan Welz & Co. sal die oorblywende 20 swart-en-wit portrette opveil, asook die handspieël wat Mandela in die bogenoemde foto vashou.

Daar sal ook gebie kan word vir die geleentheid om jou portret deur Steirn te laat neem.

Sewe bekendes sal die veiling en galadinee in die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se Internasionale Konferensiesentrum bywoon.

Hulle is Tutu, Bizos, Naidoo, Chaka Chaka, Kani, Cingo en Peter Magubane, wat deel is van die tweede seisoen van 21 Icons.

Die opbrengs van die onderskeie werke sal geskenk word aan 'n welsynsorganisasie van die betrokke ikoon se keuse.

Die burgemeester van Tshwane, Kgosientso Ramokgopa, is die gasheer vir die aand en die komediant Loyiso Gola die seremoniemeester.

Die verrigtinge begin om 18:30.

Om 'n tafel of sitplek te bespreek, bel Rosemary van Zyl by 011 784 0254 of stuur e-pos na rosemary@ninesquared.co.za.

Vir meer besonderhede oor die bie-proses of om 'n bod in te sit, bel Sophie-Louise Fröhlich by 021 794 6461 of stuur e-pos na sophie-louise.frohlich@stephanwelzandco.co.za.

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*